Kraalbaai in die Weskus Nasionale Park is 'n gewilde kuierplek en die huisbote is te huur vir 'n lekker naweekwegbreek.

Die Maskamberg buite Vanrhynsdorp is die Knersvlakte se eie weergawe van Tafelberg.

Van die fynste blommetjies is in die veld te sien, maar jy moet uitklim en tussen die blomme gaan stap om dit te kan waardeer.

Draf blommetoer kaf in vyf dae

'n Wegbreek van so vyf dae gee jou genoeg kans om die blomme van die Kaap te gaan bekyk en ook talle ander besienswaardighede te besoek, skryf Danie Keet.

Om die blommeprag van die noordelike deel van die Wes-Kaap te gaan verken, het jy nie veel meer as 'n langnaweek van so vyf dae nodig nie.

In hierdie tyd kan jy 'n goeie idee kry van die omvang van die natuurskoon en deeglik bewus word van die verskillende habitats wat eintlik maar op ons voorstoep lê en wag om ontdek te word.

Speldekussings is deel van die Kaapse fynbos en volop in die Piket-bo-Bergstreek.
Foto's: DANIE KEET

Die bouvalle langs die Groenrivier op Nieuwoudtville dateer uit die 1750's en vertel van die ryk geskiedenis van die streek.

Die Cederberge lê en wink met talle staproetes, rotstekeninge en vele meer. Daar is riviervaarte, 4x4-roetes, warmbronne, museums en koffiewinkels wat almal iets sal bied.

Dag 1: Slaap op Citrusdal (Kaapstad na Piketberg = 132 km, Piketberg na Citrusdal = 48 km)

Spring vroegoggend weg uit die Kaap, keer jou rug op Tafelberg en kyk noord. Langs die pad begin die gesaaides van die Swartland al kop uitsteek en jy ry met die N7 tot by Piketberg vir jou eerste blaaskans. Kry vir die kinders iets te ete en drinke by die Winkelshoek-sentrum reg langs die nasionale pad, vul jou wynvoorraad aan vir vanaand se braai en verken dan die dorp.

Neem die Versveldpas tot by Piket-bo-Berg en verken hierdie besonderse omgewing met sy fynbos, vrugteboorde en staproetes. Hier is ook 'n lekker teetuin vir Ma.

Vat dan weer die N7 deur Moorreesburg en sit jou tog voort na die Piekenierskloof. Hier is verskeie padstalletjies en natuurlik die groot Piekeniers-kloofoord, met sy oornag- en konferensiegeriewe. Tensy jou kinders jou reeds tot raserny gedryf het, is dit nie nodig om dié geriewe hier te gebruik nie.

Citrusdal lê net om die draai, maar verlustig jou eers in die groen omgewing, lemoenboorde en lang kanaal wat plek-plek al langs die N7 kronkel. Hier is nou al heelwat blomme langs die pad en in die veld, met die vooruitsigte vir die vol-blomseisoen wat goed lyk.

Die dorp het baie slaapplekke, maar onthou om te bespreek voordat jy ry. Blomtyd is spitsseisoen en jy kan nie gewaarborg wees dat jy oornagrusplek gaan kry nie. Dit geld natuurlik vir jou hele rit.

Dag 2: Slaap op Clanwilliam (Citrusdal na Clanwilliam = 58 km)

Roer maar vroeg; daar is baie te sien: die Cederberge lê en wink met talle staproetes, rotstekeninge en vele meer. Daar is riviervaarte, 4x4-roetes, warmbronne, museums en koffiewinkels wat almal iets sal bied. Dit is rooiboswêreld dié en jy kan gerus by die fabriek gaan kyk hoe hulle dit behandel en verwerk.

Dan is dit verder noordwaarts na Clanwilliam, jou volgende oornagpunt. Jy kan hier langs die Clanwilliamdam in een van vele gastehuise, selfsorgeenhede of kampplekke oornag.

Tussen Citrusdal en Clanwilliam is padwerke aan die gang. Die pad is smal en hobbelrig, so ry maar rustig en kyk na die blomplate langs die pad. 'n Lekker sakkie soet nawellemoene of nartjies sal help om die pad korter te maak en die frustrasie van moeilik ry te verlig. Daar is talle stalletjies langs die pad wat dit verkoop.

Of ry 'n entjie verder tot by die Bulshoekdam, tussen klowe en net so skouspelagtig mooi. Hier is ook 'n hele paar 4x4-roetes, varswatervisvangplekke en staproetes.

Dag 3: Slaap op Vanrhynsdorp (Clanwilliam na Vanrhynsdorp = 82 km)

Vanrhynsdorp is 'n tipiese Knersvlakte-dorp: rustig, vol atmosfeer en vriendelike mense. Slaap oor by die gesellige Namaqualand Country Lodge of by een van die gastehuise op die dorp. Die lodge is naby die grootste kokerboom- en vetplantkwekery in die suidelike halfrond. Besoek dit gerus. Hier is vetplante van alle soorte. Meer as 500 spesies plante is in die kwekery en derduisende aalwyne en kokerbome.

Die Maskamberg, die Knersvlakte se weergawe van Tafelberg, troon uit net buite die dorp en jy kan tot bo-op ry met 'n gewone voertuig. Hier is ook 'n paar 4x4- en staproetes. Die Knersvlakte Spens-padstal buite die dorp is ook 'n besoek werd.

Dag 4: Slaap op Lambertsbaai (Vanrhynsdorp na Lambertsbaai = 138 km)

Ry die oggend vroeg uit Vanrhynsdorp. Onthou, die lig vir foto's neem is gewoonlik beter vroeg in die oggend. Dis net 50 km tot op Nieuwoudtville en hier is 'n hele aantal verrassings – die kokerboomwoud, waterval in die middel van die Bokkeveldplato en geskiedkundige sandsteengeboue.

'n Lekker roete om na jou volgende oornagpunt op Lambertsbaai te neem is via Vredendal.

Eet ontbyt by die Wimpy langs die pad. Volg dan die pad na Lutzville, Ebenhaezer en dan al langs die kus oor Strandfontein, Doringbaai, verby die Bojaansklip- en Doorspring-natuurreservate tot op Lambertsbaai. Vat die spoorwegpad wat al langs die Sishen-Saldanha-spoorlyn afloop. Dis 'n grondpad, maar onlangs geskraap en in 'n goeie toestand. Dit is 'n tolpad, maar om die een of ander rede betaal jy nie om hier te ry nie . . . daar is wel 'n valboom waar jy moet in- en uitteken. Vat 'n blaaskans en stap 'n ent op Strandfontein se strand om bene te rek en asem te skep.

Op pad is daar soveel blomme en mooi natuurskoon te sien – kilometers se wingerde aanvanklik en dan die kusvlakte met sy tipiese plantegroei.

Op Lambertsbaai is daar verskeie verblyfopsies – van gastehuise tot die Lambertsbaai-hotel wat pas opgeknap is en heerlike etes aanbied. Stap na die voëlkykgebied in die hawe waar derduisende malgasse en ander seevoëls kuier – soms tot soveel as 4 000 op 'n keer. Daar is ook bootritte en trapbootjies te huur. Al langs die pad kan jy die veranderende omgewing dophou en sien hoe daar nou baie meer bietoubosse en ander kusfynbos voorkom.

Dag 5: Slaap by die huis (Lambertsbaai na Kaapstad = 255 km)

Jou laaste dag is een van die mooistes, maar ook 'n langerige rit. Begin maar weer vroeg, want jy sal op 'n paar plekke langs die pad wil stilhou.

Elandsbaai met sy Fryer's Cove-wynkelder in die ou kreeffabriek en wingerde slegs sowat 600 m van die kus, is een van die eerstes.

Dan volg die Rocherpan-natuurreservaat, Dwarskersbos en Laaiplek met sy visserskuite en Bergriviermonding. Ry via Vredenburg na Langebaan en gaan die Weskus Nasionale Park aan die Langebaan-kant binne.

Ry deur die park, maak 'n draai by Kraalbaai en die Postberg-natuurreservaat en verlaat dan die park weer aan die kant van die N7, vanwaar jy die laaste stuk pad huis toe aandurf.

Die park is waarskynlik 'n daglange besoek werd, veral as die blomme oop is. Indien jy 'n ekstra dag kan afknyp, maak jou planne so dat jy in die park oornag.

Onthou ook dat Postberg eers op 1 Augustus vir die publiek oopmaak, maar kuier solank by Kraalbaai en braai op die strand.

Meer tyd, meer plekke om te sien – noorde toe

As jy gelukkig genoeg is om meer as 'n week tot jou beskikking te hê om blomme te kyk, ry met die N7 verder noord tot by Kamieskroon. Eben Human, *Buite* se redakteur, was twee weke gelede daar en vertel op bl. 19 wat jy alles hier kan sien.